

Voorsittersrede AJV 2017

Geagte lede, werkgewers, kollegas en ander belanghebbendes,

Dit is werklik aangenaam om hierdie verslag oor ons Fonds aan u voor te lê.

Verlede jaar is melding gemaak van die Fonds se nuwe naam, logo en handelsmerk. Saam daarmee is melding gemaak van 'n verbeterde kommunikasie-strategie van hoogstaande gehalte. Hierdie vernuwing is reeds op 1 Julie 2016 geïmplementeer. Nadat ons Fonds vir langer as 'n dekade nie nuwe lede kon werf nie, was dit, en bly dit steeds moeilik om in 'n hoogs kompeterende omgewing werwing te doen. Daar is vroeg besef dat selfs 'n verbeterde kommunikasie-strategie op sigself nie die gewenste resultate sou lewer nie, en is 'n Fondsvertegenwoordiger/raadgewer, mnr John Lenford, aangestel met die volgende oogmerke:

- Die bou van verhoudinge met menslike hulpbrondepartemente in munisipaliteite deur persoonlike skakeling;
- Bewusmaking van ons Fonds as 'n handelsmerk en leier in die aftreefondsomgewing binne plaaslike owerhede;
- Skakeling met vakbonde;
- Voorligting van lede en werknemerbemaatiging.

Hierdie aanstelling is in lyn met die oogmerke van die Nasionale Tesourie.

Danksy die harde werk van Old Mutual Korporatief, ons kommunikasiekonsultante, en mnr Lenford, in samewerking met ons hoofbeampte, is die Fonds opnuut in die mark gevestig as 'n innoverende, mededingende en bekostigbare opsie vir werknemers van plaaslike regerings. Die Fonds het nuwe lede begin lok by maandelikse inlywingsessies wat by die verskillende plaaslike owerhede gehou is, en ons glo dit sal binnekort nog groter momentum kry.

Om voor te bly in die mark en potensiële lede daarvan bewus te maak dat die Fonds reeds 'n "voorkeurfonds" is, het die Raad verskeie innoverende en proaktiewe maatreëls aanvaar: onder meer die implementering van 'n beleggingsportefeulje wat aan Shari'ah-beginsels voldoen, as 'n beleggingskeuse vir lede; 'n fokus op bewaring binne die Fonds; die beskikbaarstelling van 'n beleggingsgekoppelde annuïteit teen 'n lae koste binne die Fonds by aftrede; en die gewysigde Lewensfase-portefeuljes as verstekkeuses om 'n seepgladde oorgang na die beleggingsgekoppelde annuïteit by aftrede te verseker en daarmee aan afgetredenes die geleentheid te gee om gedurende hul aftrede steeds lid te bly van die Fonds. Alle afgetredenes behoort hierdie voordeel ernstig te oorweeg, omdat dit teen 'n baie lae koste (en sonder om kommissie te moet betaal) toegang bied tot die Fonds se beleggingskundigheid, infrastruktuur en voortreflike prestasie. Verder is buigsame begrafnisdekking vir lede bekend gestel. Ons het ook op versoeke van ons pensioenarisse vir begrafnisdekking gereageer en hulle 'n eenmalige opsie aangebied om groepsbegrafnisdekking teen bekostigbare tariewe direk by Sanlam. Hierdie selfde aanbod is beskikbaar vir ons afgetredenes wat besluit om 'n beleggingsgekoppelde annuïteit te koop.

Wat korporatiewe bestuurstoetsig betref, glo ons dat die Fonds ook 'n leier in die aftreefondsbedryf is. Gedurende die oorsigjaar is ons bestuurstoetsig-praktyke en -beleid noukeurig nagegaan om vas te stel of dit aan die vereistes van die King IV-verslag oor Korporatiewe Bestuurstoetsig vir SA voldoen, en dit is vir my aangenaam om te kan meld dat al die vereistes nagekom is. Met verwysing na bestuurstoetsig-aangeleenthede, het die Raad die getal trustees tot nege verminder en die getal komitees tot een, naamlik die ouditkomitee. Dit het nie net 'n gunstige uitwerking op kostebesparings nie, maar skep ook groter doeltreffendheid. Gesonde bestuurstoetsig en administrasie is die ruggraat van enige organisasie en ons Fonds het dit nog altyd aktief nagestreef. Ons sal voortgaan om in die toekoms hierop te fokus.

Die Fonds se beleggingsprestasie is van die uiterste belang vir die trustees. Daarom is dit 'n vaste item op elke Raadsagenda. Ek moet beklemtoon dat 2015/2016 'n baie moeilike beleggingstydperk was, wat gekenmerk is deur politieke onbestendigheid, uiterste markbewegings en oor die algemeen swak beleggingsopbrengste in die mark. Ondanks hierdie uitdagings bly ons beleggingsbenadering daarop toegespits om beleggingsgroei oor die lang termyn te behaal. Ons moedig ook ons lede aan om met die oog op die lang termyn te belê, en nie uitermate bekommerd te raak oor prestasiesyfers oor die korter termyn nie. Om die beste opbrengste vir lede te behaal, het die Raad gedurende die afgelope jaar verskeie ander beleggingsmandate in werking gestel – soos plaaslike suiwer aandelekansfonds-beleggings en 'n taktiese batetoekenningsmandaat, om net twee voorbeelde te noem. Hierdie mandate sal die Fonds in staat stel om vinniger op marktoestande te reageer en die algehele aanpasbaarheid van die Fonds te verbeter, om nie net vir volgehoue markonbestendigheid voorsiening te maak nie, maar ook enige geleentheid wat ontstaan te baat te neem.

'n Ontleding van die Fonds se prestasie in vergelyking met ons portuurgroep, dui daarop dat al die Fonds se vastebydrae-risikoprofieloplossings oor die langer termyn (vanaf die aanvang van die vastebydrae-portefeuljies in Julie 2014 tot Januarie 2017) die gemiddelde opbrengste van ander munisipale pensioenfondse met soortgelyke risikoprofiële oortref het. Die Fonds se opbrengste het ook die portuurgroepgemiddeldes van Suid-Afrikaanse konserwatiewe, matige en hoërisiko-effektetetrusts oortref. Hierdie goeie prestasie van die Fonds se vastebydrae-risikoprofieloplossings in vergelyking met die betrokke effektetrustrugemiddeldes is beduidend, omdat dit die potensiële waarde weerspieël wat beskikbaar is vir lede wat aftree en in die Fonds se indeksgekoppelde annuïteitprodukt binne die Fonds belê.

Hoewel die Akkumulasie-, Konsolidasie- en Bewaringsrisikoprofiel-oplossings swakker gevaar het as hul onderskeie langtermyn-teikens gedurende die 2016 finansiële jaar, is dit belangrik om sulke korttermynprestasie binne die konteks van baie swak prestasie in die breë mark te beoordeel.

Plaaslike aandele en effekte maak die grootste deel uit van die Fonds se beleggings, en hierdie bateklasse het oor die afgelope 12 maande slegs opbrengste van onderskeidelik 3.8% en 5.2% behaal. Internasionale effekte het 3% in Amerikaanse dollar aangeteken. Binne hierdie konteks beskou, was die prestasie in vergelyking met algehele markprestasie bevredigend, hoewel die Fonds se risikoprofiel-oplossings laag presteer het in absolute terme. Die Akkumulasiefase, met sy matige tot aggressiewe toewysing aan aandele, het oor die afgelope jaar tot 30 Junie 2016 die plaaslike aandelemark met 3% oortref en 'n totale opbrengs van 7% behaal. Die Konsolidasie- en Bewaringsfasies het onderskeidelik 6.0% en 6.5% vir die 12-maandetydperk tot Junie 2016 behaal. Die Kontant Plus-portefeulje, wat 'n selfstandige beleggingskeuse is, het sy teiken van kontant plus 1% ver oortref en 9.4% aangeteken. Dit is 'n baie sterk opbrengs as mens in ag neem dat 'n belegging in 'n bankrekening oor dieselde tydperk sowat 6% sou opgelewer het.

Ons laste-gedrewe beleggingstrategie verseker dat die pensioenarisportefeulje die beoogde teiken behaal en dat die Fonds sy pensioenbelofte nakom. Die pensioenarisrekening se befondsingsvlak was 103.5% op 30 Junie 2016. In die lig hiervan is 'n pensioenverhoging gelyk aan 64% van inflasie op

1 Januarie 2017 verklaar. Verder is 'n diskresionêre bonus gelyk aan 50% van bruto maandelikse pensioene op 1 Desember 2016 toegestaan.

Die Fonds het gedurende 2009 sewe kommersiële eiendomme bekom. Om die belegging in direkte eiendom in ooreenstemming te bring met die perke wat deur Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse opgelê word, asook om die likiditeit binne die pensioenarisportefeulje te verhoog, het die Raad besluit om hierdie eiendomme van die hand te sit. Tot dusver is vier eiendomme teen markwaarde verkoop. Die voorgenome verkoop van die oorblywende drie eiendomme gaan voort.

Mnr Herman Botha, vorige voorsitter van die Fonds, het in die vorige jaar se verslag gemeld dat die Raad steeds op die vermindering van koste fokus. Hoewel administrasiekoste en die koste van konsultante voortdurend geëvalueer word, moet gemeld word dat ons beleggingskoste nie net baie mededingend is nie, maar ook van die laagste in die mark. Dit is die resultaat van voortgesette onderhandelinge met die Fonds se gekose beleggingsbestuurders asook baie mededingende beleggingsbestuursfooië wat baie jare gelede ingestel is. Die uitwerking hiervan is nie altyd sigbaar nie, maar dit het 'n duidelike positiewe invloed op ons lede se Fondsoopbrengste.

Die LA Aftreefonds bestaan vir sy lede en pensioenarisse, en daarom gaan my opregte dank aan u almal, vir die vertroue wat u steeds in die Raad van Trustees stel om sy vertrouensplig uit te voer deur u te help om die beste moontlike aftree-uitkoms vir u te verseker.

Geen suksesvolle organisasie kan in isolasie werk nie. Die beste uitkoms word gewoonlik in spanverband bereik en daarvoor is die beste spanspelers nodig. Ons is in hierdie Fonds bevoorreg om die bestes te hê. Dit is 'n behoefte van my hart om my mede-trustees te bedank vir hul onvermoeide ywer en toewyding om Raadsaktiwiteite so vlot as moontlik te laat verloop. Ek is u ook dank verskuldig vir u ondersteuning wat my taak vergemaklik het. Veral 'n spesiale woord van dank aan mev Van Zyl, ondervoorsitter, en mnr Botha, voorsitter van die Ouditkomitee.

'n Spesiale woord van dank aan ons diensverskaffers. Hulle beskik nie net oor besondere kundigheid nie, maar is ook uiters toegewyd aan die Fonds se visie en is altyd bereid om die ekstra myl te loop. Hierdie kombinasie maak dat ons 'n ongeëwenaarde span is – en ons prestasie en bestuur van die Fonds bewys dit!

Baie dankie aan die lede van die Ouditkomitee en die belangrike oorsig- en adviserende rol wat hulle vervul en die tyd en insig wat hulle aan hulle pligte bestee. Hulle funksie is een van die hoekstene van ons sukses.

Ten slotte wil ek net mnr Solomon Philander, ons nuwe werkgewertrustee van die Stad Kaapstad, hartlik welkom heet. Hy het op 1 Desember 2016 by ons aangesluit. Solomon, ek weet jy gaan 'n sinvolle ampstermyn hê.

Ek gee nou graag die diensverskaffers die geleentheid om hulle aanbiedings aan u voor te lê. Soos gewoonlik is daar 'n besprekingspunt op die sakelyst wat u die geleentheid bied om vrae te vra oor my verslag. U is welkom om van hierdie geleentheid gebruik te maak om vrae aan my voor te lê.

Baie dankie.

Sakkie du Toit
VOORSITTER

26 Mei 2017